

BEDIENINGE VAN RIETFONTEIN-SUID



ONDERSTEUNINGS-BEDIENING

NUWE JAAR NUWE RIETFLUIT....

Met die ingaan van die nuwe jaar het die leraars en die redaksiespan van die Rietfluit dit goedgevind om ons Kerk se maandbladje 'n nuwe baadjie te gee.

Ons visie is om meer nuus oor die gemeente te kommunikeer. **Al ses bedieninge gaan dus elke maand 'n kort beriggie plaas oor hulle planne, suksesse, behoeftes en doen en late.** Sodoende kan u 'n beter prentjie vorm van waar u, u gawes kan gebruik.

Vir enige voorstelle, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com



Februarie 2015



JAARTEMA: IN AANBIDDING VOOR GOD

Waarom hierdie tema vir die jaar? Daar is baie redes maar die grootste is omdat aanbidding die hartklop van 'n persoon en 'n gemeente se bestaansdoel uitdruk. Ons as gemeente van die Here, se hoofdoel is nie om "suksesvol" of "indrukwekkend" te wees nie, maar om God groot te maak! Ons bestaan deur God en tot eer van God. Aanbidding en gebed is die kraglyn wat ons in God se kragstroom laat leef. Ons word soms so wêrelds dat ons die kerk se waarde en selfs die erediens beoordeel in terme van besigheidsbeginsels of vermaaklikheidsbeginsels terwyl die kerk 'n geloofsgemeenskap is, die familiekring van God is waarvan die essensie *verhoudinge* is naamlik ons verhouding met God en mekaar. Ons aanbidding wys hoe ons oor God en Sy kerk dink.

Luister na 'n paar stemme van Christene oor aanbidding:

- *Aanbidding is 'n bonatuurlike wonder (Carlyle)*
- *Intieme, persoonlike aanbidding van God is die noodsaaklikste element van geestelike fiksheid (Chambers)*
- *Aanbidding is ons reaksie op die overtures van liefde uit die hart van die Vader (Foster).*
- *Om in God te glo is om God te aanbid (M Luther)*
- *Wanneer mense saam aanbid is die krag, varsheid en lewenskrag wat in almal vloei soos 'n groot hoop gloeiende kole wat mekaar verhit (Pennington)*
- *Aanbidding is daardie nader kom tot God om deur Hom oorweldig te word; omdat jou hart deur Hom aangeraak is; omdat jy van harte na Sy teenwoordigheid verlang (Smit)*
- *Aanbidding is 'n vuur wat God self in ons hart aan die brand steek (Underhill)*
- *Aanbidding word deur liefde, vreugde en danksegging gemotiveer nie deur*

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

pligpleging nie (Warren)

- Om tot God te nader is om te verander (Steere).
- Gebed is om toegang te verkry tot die troonsaal van die Almagtige. Om in die Naam van Sy Seun te bid is om in die skatkamers van die hemel te gaan stap (Joubert).
- Daar kom 'n tyd en dit is nou wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen (Jesus in Joh 4:23,24).
- Spreuke sê dat dwaasheid is die onvermoë om na ander te luister en veral na God. Dwaasheid is om te dink dat jy weet. Aanbidding is om nederig te wees voor God en te erken dat eintlik weet net Hy regtig die beste in elke situasie (Hanekom).
- Ons gebed vir die hierdie jaar is om saam met Salomo te bid: Here, gee my 'n luisterende hart om U wil te doen (a God-listening heart.....and God was delighted!!) 1 Kon 3:9

Kom ons leef nog meer in aanbidding voor God in 2015.

ds Leon van Heerden

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **1, 8 & 15 Feb:** Bewusmaking van Gemeente-, Barmhartigheids- en Sending-Aksies
- ♦ **22 Feb:** Beloftediens (Dooop)
- ♦ **22 Feb:** Youthbash @ 18:00

Sien jou daar!



Steijn
Eiendomme / Properties

Jou Hulsvriend vir Altyd
SKAKEL ONS VIR

- ❖ Hulp met n markverwante prys op u eiendom
- ❖ Indien u n eiendom wil koop / verkoop

el: 012 331 3942/3 - Cell no: 083 306 5664 (Wilhelm)
Fratesweg 520, Villieria




Sedert 2000 aktief in die Moot - Area

Rietjie-Kids



Die Bybel sê vir ons God is baie sterker as Satan. Hier is hoe God jou sal laat wen oor Satan se versoekings!

- ▲ Laat Jesus baas wees van jou lewe
- ▲ Lees en Gehoorzaam die Bybel
- ▲ Bid en vra God om jou te help NEE sê vir Satan.



Onderwerp julle dan aan God.
Staan die duivel teë en hy sal van julle af wegvlug

Jakobus 4:7

Eltra Du Plessis 079 527 9412


Kom ons kyk hoe kleurvol jy die skoen kan inkleur

LIDMAAT-BEDIENING

NUWE INTREKKERS - OKTOBER 2014



Martie Lezar



Adri Green



Rina du Plooy



Karien, Liezl & Odette Olivier

OMGEE-BEDIENING



Ek, Tom Rademeyer is die sameroeper van die Omgeebediening in die gemeente en ek dien ook as 'n Omgeegroepelier van die Thomas Omgeegroep. Dié stuk het ek saamgestel om die noodsaaklikheid van Omgeegroepes in ons gemeente te beklemtoon.

WAAROM OMGEEGROEPE?

Die kerkraad het besef dat omgeegroepes nie net 'n goeie ding is vir 'n klompie entoesiaste wat graag bymekaar wil kom nie, maar dat dit 'n goeie manier is vir elke lidmaat wat geestelik wil groei. Ons wil graag 'n gemeente van omgeegroepes word waar die kern en die grondslag van ons bediening gefundeer is in omgeegroepes. Die gereelde bymeekaarkoms rondom die Woord waar die Gees in liefdesverhoudinge mense geestelik opbou. Die groei en die verandering wat by lidmate gekom het, het die kerkraad oortuig dat dit die ideaal is wat ook Skriftuurlik gegrond kan word.

WAT IS DIE GRONDPIJLARE VAN 'N OMGEEBEDIENING?

Geloofsekerheid: Elke lidmaat is 100% seker dat hy uit genade gered, vergewe en op pad hemel toe is.

Getuig: Elke lidmaat getuig onbeskaamd en openlik in die krag van die Heilige Gees.

Groei: Lidmate staan nie geestelik stil nie en bly nie geestelike babas nie, maar groei met ywer tot volwassenheid deur hul stiltetyd en betrokkenheid by die kerk.

Groepe: Lidmate kan nie los van die liggaam van Christus funksioneer nie en skakel daarom in by 'n omgeegroep waar hulle vir mekaar omgee.

Gawes: Lidmate dien mekaar met hulle gawes.

Gebed: Lidmate is getroue interessors en bid volhardend vir die uitbou van God se Koninkryk.

Gehoorsaam: Lidmate is bereid om hulle kruis op te neem, God bo alles te gehoorsaam en Hom te volg sodat hulle heilig en vrugbaar sal lewe.

Genade: Lidmate betoon deur barmhartigheid genade aan minderbevoorregtes en ook deur die sosiale opheffing van mense in nood.

Gaan: Lidmate reik buite hul gemaksgroef uit na ander deur die Evangelie na hulle toe uit te dra.

Gee: Lidmate gee geld vir die bou van God se Koninkryk, deur oorvloedig en volgens die riglyne van die 10de te gee.

HOE LYK DIE THOMAS OMGEEGROEP?

Daar is sewe gesinne (19 persone) in ons groep. Die ouderdomme wissel van 8 jaar tot 67 jaar. Dié mooi mense het verskillende vermoëns, vaardighede, persoonlikhede en vul mekaar pragtig aan. Ons vergader elke tweede Sondag in 'n maand sodat die mense in die groep ook ander eredienste/byeenkomste kan bywoon.

Ons het gevind dat oor 'n lang tydperk leer ons mekaar ken en is daar begrip vir die individuele voor/afkeure en behoeftes.

Ons dien mekaar op geestelike vlak (bid vir mekaar) en persoonlike vlak deur werklik vir mekaar om te gee maar ons meng nie in met persoonlike sake nie. Ons groep eet saam, geniet uitstappies en kan lekker saam lag en kuier. Ons versorg mekaar as ons siek is en help om ons kinders groot te maak. Ons kan ook saam huil as dit nie goed gaan nie.



DIENSGETUIENIS-BEDIENING

'n Woord - bedoel vir u ore en oë - VANAF DIENSGETUIENISBEDIENING

Wil jy nie deel kom neem en deel word van hierdie bediening nie? Beskou hierdie as 'n amptelike uitnodiging om deel te word – kom woon ons volgende sessie waarop ons Diensgetuienissake bespreek by **(DV Maandag 2 Maart om 18:30 in die konsistorie)**. **U kan net daar inval – u hoef nie eers vooraf te sê u wil kom of iewers toestemming vra nie; kom woon sommer net by asseblief.**

Ons is die groep wat saam by die Here hoor en dan bespreek en besin en beplan oor hoe ons mense **(naby aan die gemeente en ook tot in die uithoeke van die wêreld)** se nood aan brood asook Brood kan aanspreek.

Ons sien in Johannes 6 hoe Jesus mense se **nood aan brood** (materiële dinge soos voedsel) aanspreek wanneer Hy die broodjies en vissies vermeerder sodat almal genoeg kan eet. In dieselfde hoofstuk (vers 35 en 48) sê Hy egter ook dat Hy mense se **nood aan geestelike Brood** (geestelike voedsel) aanspreek, want Hy maak daarin aan hulle 'n waarheid bekend, naamlik “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie”.

Hoe doen ons dit?

Deur sending, barmhartigheid, getuienis, evangelisasie, uitreik, Bybelverspreiding, ens. Op watter wyse ons ook al 'n verskil vir die Here kan maak.

Deur self te doen (bv alimentasie, kospakkies en hulp—Brood vir Nood, werkskeping bv. karwas en houtwerk—Jakob se Put, die Werksklas, die Begrafnisbediening, Huis YANA, Huis QAUNESSA), maar ook deur ander te ondersteun (finansiële, met gebed, bemoediging en aanmoediging) om dit te doen (uitreikwerk in Laudium, hulp aan Limpopo VGK, Allen en Ansie van der Merwe in Mosambiek, Alta Glas in Kamboedja, hulp aan kinderhiskinders via Sending Sonder Grense in oud-Russiese land soos Oekraïne en Moldawië, Dana en Samantha asook hul NPO genaamd Olive Shoot International Network wat 'n reuse taak onder die Koerde het).

Ons probeer om iets van Jesus se opdrag en belofte in Handeling 1:8 waar te maak: om deur die krag van die Heilige Gees getuies te wees in Jerusalem sowel as in Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.

Ons doen dit op watter manier ons ook al kan uitkom by die opdrag wat die Here gegee het in Matteus 28:19: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels”. Genadiglik kan ons dit doen met die wete dat Hy net in die volgende vers sê: “ En onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld”.

Navrae: Die leier van Diensgetuienis is Allan Prentice. Kontak hom of ds Leon Tait of Ds Leon van Heerden. Allan se nommers is 083 619 2676 of 012 331 3626

SENDINGFEES: Hou asb die weeklikse afkondigings dop vir meer info aangaande die **Sendingfees 15 - 22 Februarie**. Daar sal ook inligting wees aangaande die **SENDINGETE** van Vrydag 20 Februarie waartydens Morné Ras van Geopende Deure ons meer kom vertel van die Vervolde Kerk. Kaartjies is na eredienste by die kerktoering te koop asook by die kerkkantoor: R50 per volwassene en R30 per kind onder 13. Kom kuier gerus saam!

KONSERT TEN BATE VAN HUIS YANA EN HUIS QUANESSA: Dinsdagaand 24 Maart

Jannie du Toit sing by Pierneefteater die liedjies van Koos du Plessis. Huis YANA asook Huis QUANESSA gaan baie baat vind uit die kaartjieverkope. Kaartjies kos R120 per person.

NB Slegs 50 kaartjies beskikbaar - by Ds Leon Tait en by kerkkantoor.